**Transvaal**

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Daar is drie bekende watervalle in die Sabierivier. Noem hulle. | *Antwoord*: Bruidsluier (Bridal Veil) Lone Creek en Perdeskoen. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Rondom 1886 het hierdie Laeveldse dorp twee aandelebeurs kantore, baie hotelle, kantiene, winkels en ander besighede gehad. Dinge het afgeplat toe goud aan die Witwatersrand ontdek is. Wat is dorp se naam? | *Antwoord*: Barberton. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is die naam van die dorp by die deurgangsroete tussen Suid-Afrika en Mosambiek? | *Antwoord*: Komatipoort. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: In 1927 is ’n besonderse ontdekking in die Wolkberg gemaak. Dit word steeds bestudeer. Wat is dit? | *Antwoord*: Wolkberggrotte. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is die naam van die poort in die Soutpansberg tussen Louis Trichardt en Musina? | *Antwoord*: Wyliespoort. |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is die naam van die meer in die Soutpansberge? | *Antwoord*: Funduzimeer. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Vir watter besonderse soort plante is Potgietersrus bekend? | *Antwoord*: Aalwynplante. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat was Colingny se oorspronklike naam? | *Antwoord*: Treurfontein. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Watter bekende grotte huisves gereedskap en implemente wat vanaf die middeleeue tot laat steentydperk dateer? | *Antwoord*: Eggogrotte. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Watter dorp is die noordelikste dorp in Suid-Afrika? (Dit is 20 013 km vanaf Kaapstad). | *Antwoord*: Musina. (LW: Die noordelikste punt van Suid-Afrika is by die plaas Overvlakte.) |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Watter twee dorpe word deur die Long Tompas verbind? | *Antwoord*: Lydenburg en Sabie. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is die Long Tom? | *Antwoord*: Dit is 'n langloop kanon. Dit is gedurende die Anglo Boere Ooorlog gebruik. (Wat het daarvan geword?) |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is die naam van die waterval in Magoebaskloof? | *Antwoord*: Debegeni. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is die naam van Paul Kruger se plaas naby Rustenburg? | *Antwoord*: Boekenhoutskloof; |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is die naam van die voetslaanpad wat by Louis Trichardt begin? | *Antwoord*: Soutpansberg voetslaanpad. |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: By watter dorp is die Potgieterbaken ter ere/herdenking van die groep mense wat daar uitgemoor is? | *Antwoord*: Potgietersrus. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Noem twee bekende warm-waterbronne in Transvaal? | *Antwoord*: Tshipise, Warmbad en Badplaas. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is die naam van die grotte – vernoem na ’n Swazi – waar die rotsformasies name het soos Skreeuende Monster, Huilende Vrou asook Bybel en fiksie karakter name soos byvoorbeeld Little Red Riding Hood? | *Antwoord*: Sudwala. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: In 1932 het ’n trein met 1 200 ton dinamiet net buite die stasie/dorp ontplof. By watter dorp was dit? | *Antwoord*: Leeudoringstad. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Halfpad tussen Pretoria en Lydenburg is die Meyerbrug wat in 1816 oor die Olifantsrivier gebou is. Daar is ook ’n dorp met ’n kerk wat sy eie museum het. Wat is die dorp se naam? | *Antwoord*: Middelburg (Tvl). |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Johan Rissik, 'n landmeter wat opmetings van Staatsgronde tussen plase aan die Rand gedoen het, het aan 'n stuk grond wat baie onreëlmatig (ongelyk?) is 'n naam gegee wat beteken "Seun van Smarte" Vandag is dit 'n dorp. Wat is die naam? | *Antwoord*: Benoni. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Hierdie koppie is op 'n stadium verruil vir 'n perd (Du Toit -> Pretorius). 'n Latere koper het die koppie na hom vernoem en nog later het Herbert Baker 'n sandsteen gebou ontwerp met 'n klok daarin wat heet Oom Paul. Van watter gebou en koppie praat ons? | *Antwoord*: Meintjieskop. Uniegebou. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Op sy pad na die noorde het Hendrik Potgieter hierdie kolos in die tans noordelikste Natuurreservaat van Pretoria ontdek. Wat is dit? | *Antwoord*: Wonderboom. ± 1 000 jaar oud. 23 m hoog en 50 m wyd. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Gustav Preller het sy plaas se naam herdoop na twee Zoeloe woorde wat beteken: "Einde" en "Gebeure," na aanleiding daarvan dit die Hartebeestpoortdam die plaas sou oordek. Wat is die herdoopte naam wat vandag nog so is? | *Antwoord*: Pelindaba. (Phela ndaba) |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Rhodespark in Kensington, Johannesburg was in 1914 prominent in die nuus. Wat het toe daar gebeur? | *Antwoord*: Drie lede van die berugte Foster bende het daar selfmoord gepleeg. |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Die Universiteit van die Witwatersrand is in Braamfontein, Johannesburg. Wat is so interessant van die universiteit? | *Antwoord*: Dit het in 1896 in Kimberley begin as 'n opleidingsentrum vir mynwese. Na die Anglo Boere Oorlog is die sentrum na Braamfontein verskuif. In 1906 word die sentrum Die Transvaal Universiteits Kollege genoem. In 1907 is 'n tak in Pretoria gevestig wat later Die Universiteit van Pretoria geword het. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Die Rand Stadion en Wemmerpan en ook die Jameson Hall Museum is in die suidelike voorstad La Rochelle. Wat word in die museum bewaar? | *Antwoord*: Landbou, stoom, trems, busse, brandweer, motors, fietse en rolskaatse. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is so uniek aan die Carltonsentrum in Johannesburg? | *Antwoord*: Dit is 'n 50-verdieping gebou wat in sy geheel met beton gebou is Dit is die enigste so 'n konstruksie in die wêreld. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Na die Jamieson inval in die Transvaal (1896) het die Transvaalse regering besluit om die verdedigingslinie van Pretoria op te knap. Wat is toe gedoen? | *Antwoord*: Vier forte is gebou. Klapperkop, Skanskop, Wonderboom en Daspoortrand. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Die Transvaalse regering het rondom die draai van die eeu (1800) militêre basisse opgerig. Wat is dit? | *Antwoord*: Vier forte: Fort Klapperkop. Skanskop. Wonderboompoort en Daspoortrand |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is so interessant van Waterval Boven? | *Antwoord*: 211 meter lange spoorwegtonnel. Die spoorlyn daal 1:20. Daar is ’n waterval in die Elandsrivier. Die is ook die einde van die Hoëveld. Daar is ’n monument ter ere van diegene wat die spoorlyn gebou het. (Daar word gesê net soveel werkers as wat daar dwarsleërs is, is dood tydens die bou van die tonnel) |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is die dorp se naam waardeur ’n stroom met volop forelle deur die dorp loop? Daar is ook ’n radio-aktiewe fontein met beweerde helende eienskappe. Die Transvaalse regering is vir ’n kort tydjie gedurende 1900 hier gehuisves? | *Antwoord*: Machadodorp. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Eerwaarde Frans Lion Cachet het daar ’n sendingstasie gestig en vernoem na ’n dorp in Nederland waar ’ vriend van hom gewoon het. ’n Dorp het later ontwikkel. Wat is die dorp se naam? | *Antwoord*: Ermelo. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Die dorp het ontstaan en is vernoem na die “Maatskappy” wat eerste daar steenkool ontgin het. In Mei 1902 is vrede tussen Boer en Brit daar onderhandel. Wat is die dorp se naam? | *Antwoord*: Vereeniging. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Loskopdam Natuurreservaat is naby Groblersdal in die Olifantsrivier. In April 1964 is daar geskiedenis gemaak. Wat het gebeur? | *Antwoord*: Die eerste Wit Renosterkalf in Transvaal is daar gebore nadat die diere in 1896 in Transvaal uitgesterf het. |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is die naam van die dorp op die walle van die Vaalrivier waar ’n groep Engelse gedurende die laaste drie maande van die Anglo Boere Oorlog deur Boere vasgekeer is wat ’n kop buite die dorp beset het? | *Antwoord*: Standerton. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Die Voortrekkers het die Engelse uit Fort Drury verdryf. Harry Smith het later met ’n hele leër weer die Boere uitgedryf. Waar het die geveg plaasgevind wat daartoe gelei het dat die Engelse tot 1854 in beheer van die gebied was? | *Antwoord*: Boomplaats. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Hoe het Treurrivier aan sy naam gekom? | *Antwoord*: Vroue van die Potgieter ekspedisie het daar op hul mans gewag. Toe die mans nie betyds terugkom nie, het die vrouens gedink die mans is almal dood. Toe noem hulle die rivier Treurrivier. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Watter waterval vind mens op die Sabie – Graskoppad? | *Antwoord*: Mac-Mac waterval. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Watter dorp in Transvaal het die oudste stadsaal? | *Antwoord*: Makwassie. |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>Vraag: Die grootste natuurlike varswatermeer in Suid-Afrika is 9 kilometer lank en 3 kilometer wyd en 3 meter diep. Wat is die meer se naam? | *Antwoord*: Chrissiesmeer. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: ’n Boer het op sy plaas ’n kerk en fort laat bou, maar sterf voordat die geboue klaar was. Hy is op sy plaas ter ruste gelê. ’n Dorp is later daar ontwikkel. Wat is die naam van die dorp? | *Antwoord*: Zeerust. Coetzee se rus. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Hoe het Nylstroom aan sy naam gekom? | *Antwoord*: Eerste Voortrekkers het gedink die Nylrivier het daar ontspring. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is die naam van die grotte waarin die Tlou-stam weggekruip het na die moord op die Voortrekkers by Moorddrif? (Na 30 dae is geen enkele persoon lewend gevind nie) | *Antwoord*: Makapansgat. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: ’n Boer het naby Pretoria ’n paalskerm kraal gebou om sy beeste teen leeus te beskerm. ’n Dorpie het daar ontstaan. Wat is die naam van die dorpie? | *Antwoord*: Hammanskraal. |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: By ’n bekende vakansieoord naby Heidelberg is die eerste binnelandse branders in ’n swembad gemaak. Wat is die naam van die vakansieoord? | *Antwoord*: Suikerbosrand. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: ’n Dorp het in 1952 ontstaan toe Yskor huise vir sy werksmense moes bou. Meer as ’n half miljoen bome is aangeplant. Wat is die dorp se naam? | *Antwoord*: Van der Bylpark. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat was die naam van die dorp wat tot niet gegaan het omdat dit so moeilik was om goud daar te ontgin en die mense as gevolg daarvan weggetrek het? Dit is in die Mlondozirivier naby die Swazilandgrens. | *Antwoord*: Steynsdorp. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is die naam van die dorp waar daar in 1913 Marmer ontdek is? | *Antwoord*: Marble Hall. (Eers genoem Marmer Hol) |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Naby watter dorp/stad is die Kromdraai Paleontologiese Reserwe? | *Antwoord*: Krugersdorp. |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: By watter dorp/stad aan die Wesrand is waar ’n stroom water wat 80 meter in ’n ravyn afval? Daar is ’n piekniekplek en dit is die kruin van die Witwatersrand. | *Antwoord*: Witpoortjie. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Naby Amsterdam is die grootste bos in die wêreld wat deur die mens aangeplant is. Wat is die naam daarvan? | *Antwoord*: Usutu |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Makwassie het drie uitstaande kenmerke in die Transvaal geskiedenis. Een is die oudste stadsaal. Noem enige van die ander twee? | *Antwoord*: Die eerste geregistreerde blanke geboorte in Julie 1823 is daar geregistreer. Eerste gedrukte kopie van Tswana spelboek en godsdienstige traktaatjie is daar gedruk. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Watter dorp aan die Wesrand is rondom ’n meer gebou wat vergroot is as gevolg van die water wat die myne daarin gepomp het? | *Antwoord*: Florida. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Watter fort naby Middelburg is nog nooit aangeval nie? | *Antwoord*: Fort Merensky. |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: By watter dorp of plek verander die Transvaalse Hoëveld na die Laeveld? | *Antwoord*: Waterval Boven. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Waar die hoofroetes (Ossewa) vanaf Natal en Vrystaat die Transvaal binnekom, het 'n handelaar 'n dorp rondom sy winkel uitgelê en vernoem na die universiteitsdorp waar hy vandaan gekom het. Wat is die naam van die dorp? | *Antwoord*: Heidelberg. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is die naam van die spoorwegstasie tussen Transvaal en Natal? | *Antwoord*: Charlestown. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Naby watter dorp is die Rob Ferreira Minerale baddens geleë? | *Antwoord*: Christiana. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is die naam van die noordelikste warmwater vakansie oord in Suid-Afrika? | *Antwoord*: Tshipise. |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Jacob de Clercq het 'n plaas met 'n fontein as geskenk gekry en 'n bekende vakansie-oord daarop ontwikkel. Die naam was Emanza – bekende waters. Wat is die naam vandag? | *Antwoord*: Badplaas. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: 'n Ambisieuse Skot, McCorkindale, wou in 18674 300 Skotse families na die Transvaal bring en daar vestig en die gebied "New Scotland" noem. 'n Dorp is wel ontwikkel en die dorp het vandag 'n ander naam. Wat is die naam? | *Antwoord*: Amsterdam. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Watter gebied/dorp het Herman Charles Bosman in sy boeke, onder andere Mafeking Road, bekend gestel? | *Antwoord*: Groot Marico. (Bosman was in die tronk wees moord) |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is bekend van die berg met die naam "Die Berg" by Dullstroom? | *Antwoord*: Hoogste punt bo seevlak in Suid-Afrika – 2 332 meter. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: By watter berg het die laaste slag van die eerste Transvaalse Vryheidsoorlog plaasgevind? | *Antwoord*: Majuba. |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is so interessant van die Churchill skag by die Transvaal Colliery myn naby Witbank? | *Antwoord*: Churchill het daar, tydens die Anglo Boere Oorlog, vir vir ses dae in die ondergrondse stalle weggekruip voordat hy per trein na Lourenco Marques ontsnap het. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Waarvoor is een van die skagte van die steenkool myn Clewer naby Witbank bekend? | *Antwoord*: Churchill het vir ses dae in die ondergrondse stalle van die skag geskuil na sy ontsnapping gedurende die Anglo Boere Oorlog. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Naby Volksrust is die sogenaamde Konvensiebrug oor die Grensspruit (Grens tussen Transvaal en Natal). Watter interessante en geskiedkundige gebeurtenis het daar plaas gevind? | *Antwoord*: Paul Kruger en sir Harry Loch het die derde Swaziland Konvensie daar in 'n spoorwegwa wat op die brug gestaan het, onderteken. Elkeen wou op eie grondgebied bly. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Waar is die Long Tom gedenkteken opgerig? | *Antwoord*: Sabie. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Waar is Spioenkop geleë? | *Antwoord*: ± 20 km vanaf Ladysmith. |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>Vraag: Hierdie dorp is in 1957 gestig om die myn te bedien. Die neerslag van fosfaat, koper, sirkonium, virmikoliet, yster, mika en goud word in ’n “pyp” van 19 vierkante kilometer en onbekende diepte gevind. Wat is die dorp se naam? | Antwoord: Phalaborwa |
| ***Transvaal***<br>Vraag: In Rhodespark, Kensington is onder andere ’n mynskag waar in 1914 ’n interessante onderwêreldse gebeure afgespeel het. Wat was dit? | Antwoord: Die berugte Fosterbende het daar weggekruip en later selfmoord gepleeg. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Na die Anglo Boere Ooorlog is ’n nedersetting in die Laeveld gestig waar gedemobiliseerde soldate gevestig is. 'n Kanaal vir besproeiing is gebou en 'n dorp het ontwikkel. Wat is die naam van die dorp? | *Antwoord*: Witrivier. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: In 1885 het die Transvaalse regering ’n aanval geloods op Masouskop waar ’n klomp veediewe – blankes, hottentotte en Tswanas – hul skuil gehou het. Tien soldate is gedood. ’n Dorp het later by die kop ontwikkel en is vernoem na twee van die gesneuweldes. Wat is die dorp se naam? | *Antwoord*: Schweizer Reineke. Kapt Schweizer en Veldkornet Reineke. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: In 1896 het 'n Italiaanse prospekteerder ’n besondere ontdekking naby Krugersdorp gemaak. Vandag is dit 'n belangrike prehistoriese terrein. Wat is dit wat hy ontdek het? | *Antwoord*: Sterkfonteingrotte. |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Hierdie dorp is gestig deur AH Potgieter na ’n nege dae geveg teen die Matabele’s. Dit is ook die eerste blanke dorp in die destydse Transvaal en was voor Pretoria die hoofstad van Transvaal. Van watter dorp praat ons? | Antwoord: Potchefstroom. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Die naam van die plek was eers Painters Camp toe twee prospekteerders daar goud ontdek het. In 1887 word dit ’n dorp. Met die ontdekking van goud aan die Witwatersrand, sterf die dorp wat sewe hotelle, ’n tronk en twee koerante gehad het. Vandag is net die fondamente van die geboue sigbaar. Wat is die naam van die plek? Blykbaar is dit nog net van die tronkmure wat staan. | *Antwoord*: Steynsdorp. |
| ***Transvaal***<br>Vraag: In 1970 het ’n interessant gebeurtenis in Koster plaas gevind. Wat was dit? | Antwoord: Laaste diamantstormloop. |
| ***Transvaal***<br>Vraag: Wat is die naam van die gebou wat in Johannesburg opgerig is as militêre basis - om die delwers in toom te hou. Dit is vandag ’n Nasionaal Historiese Monument op Hospitaalheuwel. | *Antwoord*: Johannesburg Fort. Die naam is nou verander na Constitutional Hill. |
| ***Transvaal***<br>Vraag: Belfast se spoorwegstasie is die hoogste bo seevlak (2 025m) op daardie trajek. Maar wat is die naam van die dorp waar die hoogste stasie bo seevlak in Suid-Afrika is? | *Antwoord*: Dullstroom. 2 077 meter |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Net suid van Brits is daar 'n ou Kareeboom. 'n Interessant gebeurtenis in die Boeregeskiedenis het in 1864 daar plaasgevind. Wat was dit? | *Antwoord*: Ondertekening van vrede aan einde van die Burgeroorlog. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Die eerste besproeiingsnedersetting in die destydse Transvaal, het 1893 'n dorp geword. Die Krokodilrivier loop deur daardie gebied waar baie Hollanders hulle as boere gevestig het. Na die Anglo Boere Oorlog is die dorp so verwoes dat die Hollanders terug is na Holland. Wat is die naam van die dorp? | *Antwoord*: Dullstroom. Die Berg 2 323m. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Die Skotse handelaar John Jack het impulsief besluit om 'n prospekteerder te word. Op die plek waar hy prospekteer het, is goudneerslae gekry. Hy het saam met ene Simmer die plaas Elandsfontein gekoop. Wat is die dorp se naam vandag? | *Antwoord*: Germiston. Simmer en Jack museum is ook daar. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Alec Patterson se bynaam was Wheelbarrow Alec. Hy het goud in die Laeveld ontdek. Prospekteerders het gou daarop toegesak en 'n dorp het so ontstaan. Wat is die dorp se naam? | *Antwoord*: Pelgrimsrus. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Hoe het Blyderivier aan sy naam gekom? | *Antwoord*: Die mans van die Potgieter ekspedisie is daar met hul mans verenig nadat die vrouens gedink het hulle is almal dood. Hulle was so bly dat hulle die rivier so genoem het. |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Waar is die eerste goudmyn in die destydse Transvaal begin? ’n Half ton rots is op ’n kundige manier op en af laat beweeg om die klippe fyn te stamp. Die eerste goudsmeltery is daar gebou en is vandag nog daar. | *Antwoord*: Eersteling. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is die naam van die myndorpie wat die enigste ter wêreld is waar amosiet ontgin word? | *Antwoord*: Penge. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Waar vind mens die eerste aanleg waar petroleum uit steenkool vervaardig is? | *Antwoord*: Sasol. SA Olie en Gas korporasie |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: SA se enigste kroegboom/boomkroeg is naby die dorp. Wat dorp se naam? | *Antwoord*: Leysdorp. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat was die naam van die wêreld se grootste lemoenplaas? | *Antwoord*: Zebediela. Die plaas het ongelukkig tot niet gegaan. |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Die eerste NG kerk noord van die Vaalrivier is ook as skool gebruik. In watter dorp is die kerk? | *Antwoord*: Lydenburg. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Gedurende 1880 het 6 000 mans hier bymekaar gekom en gesweer om saam te staan totdat Transvaal weer onafhanklik is. Leiers is aangewys en ’n klipstapel is gepak as bewys van hul erns. Waar is die plek? | *Antwoord*: Paardekraal by Krugersdorp. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Waaraan het Witbank sy naam te danke? Die dorp se naam is verander. | *Antwoord*: ’n Rif van witklippe is by die uitspanning van ossewaens opgemerk. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Alexander McCorkindale wou 300 Skotte na Transvaal bring, plase en dorpe stig en ’n hawe by die mond van die Usuturivier bou as toegang tot die see. Die gebied was daardie tyd bekend as Nuwe Skotland, met drie streke en Roburina as hoofstad. Laasgenoemde se naam is verander. Wat is die naam vandag? | *Antwoord*: Amsterdam. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: ’n Duitser, ene Ueckermann, het ’n handelspos gestig waar die ossewaens vanaf Natal en Vrystaat die Transvaal binne gekom het. Later het hy ’n dorp aangelê wat 18 hotelle gehad het tydens die stormloop dae na die Witwatersrand. Wat is die dorp se naam? | *Antwoord*: Heidelberg. |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Een van die laaste gevegte van die Anglo Boere Ooorlog het op 27 Augustus 1900 hier plaas gevind. Die Engelse het 20 000 soldate teen die Boere ingestuur. 'n Gedenkteken vir die Engelse soldate is opgerig. Die plek is tussen Machadodorp en Middelburg (vorige naam van die dorp) Wat is die plek se naam? | *Antwoord*: Berg-en-Dal. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Pretoria is vandag as die Jakarandastad bekend. As wat was dit eers bekend en waar kom die plante en saad vandaan? | *Antwoord*: Rosestad. Argentinië - 2 boompies. Saad van Australië. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: John Barclay was 'n skipbreukeling wat in 1852 'n plaas in die ou Wes Transvaal gekoop het. Sy dogter was lief vir tuinmaak. John het 'n pont oor die Vaalrivier bedryf. Die dorp is vermoedelik na sy dogter se mooi kleurvolle tuin vernoem. Wat is die dorp se naam? | *Antwoord*: Bloemhof. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Op die plaas Doornfontein is nie goud gevind nie, maar die eienaar het gedeeltes vir dorpsontwikkeling verkoop met 'n bepaling dat 40 hektaar rondom die opstal bewaar moes word. Vandag is dit 'n park met verskeie ontspanningsgeriewe. Wat is die park se naam? (In groter Johannesburg.) | *Antwoord*: Bezuidenhoutsvallei. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Waar is die oorsprong van die Apiesrivier wat deur Pretoria vloei? | *Antwoord*: Fonteinedal, Pretoria. |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Waar word die verligte waterorrel in La Rochelle, Johannesburg aangetref? | *Antwoord*: Wemmerpan. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is die naam van die oudste park in Johannesburg? Dit is vernoem na die eerste hoof van die Departement van Mynbou. | *Antwoord*: Joubertpark. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Waar is die Nasionale Kultuur- en Opelugmuseum? Dit is in Pretoria. Dui die straatnaam aan. | *Antwoord*: Boomstraat, langs die Dieretuin. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Die Hermann Eckstein Park is in 1903 deur die firma Wernher Beit aan die Johannesburg se Stadsraad geskenk. Noem van die dinge wat vandag daar gehuisves word. | *Antwoord*: Johannesburg Soölogiese Tuine. Nasionale Museum vir Militêre Geskiedenis. Dieretuinmeer. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Naby Hammanskraal word sout ontgin uit ’n vulkaan. Wat is die naam van die plek? | *Antwoord*: Soutpan. |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat was die Nasionale Krugerwildtuin se eerste naam? | *Antwoord*: Sabie Wildreservaat. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Waar is die Uniegebou opgerig? | *Antwoord*: Teen die suidelike hang van Meintjieskop in Pretoria. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Die langste straat in Suidelike Halfrond, word beweer, is in Pretoria. Wat is die straat se oorspronklike naam? Dit is onlangs verander en het nou vier name vir vier dele daarvan. | *Antwoord*: Kerkstraat, ± 18 kilomter lank. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Wat is die naam van Johannesburg se Botaniese tuine? | *Antwoord*: Emmerentia. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Op 16 Desember 1948 is ’n gebou ingewy waarvan die hoeksteen in 1938, na die bekende Ossewa gedenktrek, gelê is. Watter gebou is dit? | *Antwoord*: Voortrekkermonument. |

| | |
|---|---|
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: The "Wilds" is 'n natuurtuin aan die voetheuwels van Hougton. In 1937 is die grond met sir Percy Fritzpatrick se huis, Hohenheim daarop, aan die Stadsraad van Johannesburg geskenk, Watter interessante museum is daar? | *Antwoord*: Die Bernberg Museum vir Kleredrag. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Waar naby Rustenburg, Transvaal, is die oudste pioniershuis, in 1841 gebou? | *Antwoord*: Boekenhoutkloof. Plaas van President Paul Kruger. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Waar is die Vrede van Vereeniging onderteken? | *Antwoord*: Melrosehuis, Jacob Mare straat, Pretoria. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Waar sal jy gaan soek na die tapisserie waaraan nege vrouens agt jaar lank gewerk het, 130 verskillende kleure wol gebruik is en 3 353 600 steke bevat? | *Antwoord*: Die Voortrekkermonument Museum. |
| ***Transvaal***<br>*Vraag*: Watter twee diere word aan die buitekant van die Voortrekkermonument uitgebeeld? | *Antwoord*: Buffel en Swart Wildebees. |